VOORSITTERS VERSLAG 2015

A.

LIDMAATSKAP

Daar is tans 21 aktiewe lede waarvoor daar ledegeld aan SAVTEK oorbetaal was.

JAARGELDE

Die ledegeld vir 2015 was R200 wat n almanak met n volbladsy kleur foto vir elke maand en elke lid se verjaarsdag datum en al die klub se aktiwiteite aandui.

ALGEMENE INLIGTING AANGAANDE KLUB BEDRYWIGHEDE

1. Samestelling

Ons bedryf net n hoofklub wat bestaan uit lede vanaf Wesselsbron, Welkom en Bothaville in die Vrystaat. Klerksdorp, Potchefstroom, Hartebeesfontein, Sannieshof, Leeudoringstad en Lichtenburg in Noordwes. Een lid in Gauteng en een in Centurion.

2. Bestuur

Die Bestuur bestaan uit die volgende

Voorsitter	Jaco Gouws
Ondervoorsitter	Casper Badenhorst
Sekretaris	Johann Gouws
Veiligheidsbeampte	Oubaas Badenhorst
Additionele lid	Ben Malan
Penning meester	Johann Gouws

3. Vergaderings

Daar word kwartaaliks vergader met die eerste vergadering einde Januarie wat ook die Algemene jaarvergadering is. Die tweede vergadering is begin Mei waar die uitstalling tydens Nampo beplan word. Derde vergadering is in Augustus en vierde vergadering in November wat ook die jaareindfunksie insluit.

4. Byeenkomste 2015

Jaarvergadering 31ste Januarie.

Nampo Oesdag 12 tot 15 Mei

Mielieinry 11 Julie

Nasionale skou 24 tot 27 September

Jaarafsluiting 21 November

5. Hoof aktiviteit

Nampo oesdag. Ons het die geleentheid gebruik om met samewerking van Sentraal Vrystaat met lede van Engen oor die Engen Engine Restoration Challenge te vergader. Dankie aan Christo Pieterse vir sy aandeel met die voorlegging.



B. VOLHOUBAARHEID

(1) BEMARKING

Tydens die Nampo oesdag was daar geleendheid om ons organisasie te bemark aangesien besoekers oor die land die skou bywoon. Baie vrae was beantwoord asook inligting en kontak besonderhede uitgegee oor ander klubs. Met die mielie inry word die gemeenskap van Leeudoringstad ook betrek om die funksie wat daarna gehou word by te woon.



(2) KOMMUNIKASIE

Die tweejaarlikse SAFTEK nuusbrief asook nuusbriewe van Wes-Kaap en Natal word aan lede met e-pos aangestuur. Gedrukte nuusbriewe word tydens vergaderings aan ander lede uitgegee.

(3) JEUG

Ons kon weereens twee spanne inskryf vir die Delo kompetisie. Tydens die Mielieinry was daar geleendheid gegee vir die jeug om saam op die sleepwaens te kon ry en aan trekkerspeletjies deel te neem.



(4) NUWE LEDE

Daar kom gereeld besoekers saam met lede na ons vergaderings wat dan aangespoor word om aan te sluit. Tydens ons eerste vergadering het Tinus van Rooyen en Walter Barnard by ons aangesluit. Daan Pienaar wat weens gesondheid vir n paar jaar nie aktief betrokke was nie het ook weer aangesluit. Ons behou ook kontak met familielede van afgestorwe lede en nooi hulle na ons byeenkomste. Attie du Plessis, seun van wyle Martin du Plessis, het by ons aangesluit. Andries Roux se seun en skoonseun het ons afsluiting bygewoon en stel belang om aan te sluit. Hulle wil ook n wissel trofee vir die klub skenk ter nagedagtenis van oom Andries.

(5) KOSTEBEHEER

Aangesien ons lede wyd versprei is vergader ons net wanneer nodig en hou dit sentraal. Ons hou ook die ledegeld laag aangesien ons n gesonde bankrekening handhaaf. Die jaareindfunksie was deur die klub geborg.

(6) GESINSDEELNAME

Die funksie tydens ons eerste vergadering waar die klub se 21ste bestaan gevier was, was die lede se gesinne ook betrokke en het van hulle vir die naweek saam gekamp by die woonwapark waar dit gehou was. Die jaareindfunksie was ook vir die gesinne, maar was nie goed bygewoon weens ander verpligtinge.

C. JAARBEPLANNING VIR 2016

Januarie	Jaarvergadering
Februarie	Noord Vrystaat se water en wiele fees
	Hoëveld se beoordelingkursus
Maart	Clocolan skou
Mei	Nampo Oesdag
Julie	Mielie inry
September	Bloem famieliefees
November	Jaarafsluiting